11 Desember **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 12:1-10**
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 12:9

God se gebedsantwoord

Dikwels voel dit of bid niks help nie. Al bid ek hoe baie, bly die koskas leeg, bly die sieke siek en bly die vyand dreig. Dan vra ’n mens: Kan dit wees dat God nie my gebede hoor nie?

Paulus het ook so ’n worstelstryd gehad met iets wat vir hom ’n “doring in die vlees” was (vers 7). Wat dit was, weet ons nie, maar ons hoor in vers 8 dat Paulus drie maal gebid het dat die Here die doring van hom sou wegneem. Dit het egter gebly. Die Here het vir hom gesê: “My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring” (vers 9).

Die Here kon dalk aan Paulus verskyn het om die boodskap self oor te dra, maar dit is meer waarskynlik dat die Here sy antwoord in die loop van Paulus se gebedsworsteling vir hom laat duidelik word het.

Die Here wil hê dat ons aanhoudend moet bid en alles van Hom moet vra. Al ontvang ons nie wat ons vra nie, hoor die Here nogtans elke gebed. Dit mag wees dat na ’n tyd van gebedsworsteling die Here dit vir ons duidelik maak dat Hy nie gaan gee wat ons vra nie. Dan is sy antwoord dieselfde as wat Hy vir Paulus gegee het: Oor hierdie saak moet jy nie verder bid nie. Dit is daar om jou te beproef. Dit leer jou om weg van jouself te kyk en jou krag in my genade te soek. Want my genade is vir jou genoeg.

Sing: Psalm 28:1,6,7 Prof GJC Jordaan (Potchefstroom)